

Julle het inderdaad volharding in die geloof nodig (OP103)

Heb 10:32-39

2 Oktober 2022

Die afgelope twee weke het ons stil gestaan by Heb 10:19 en verder. Die gedeelte het begin met die opgewonde oproep deur die skrywer dat ons, die ware gelowiges, nou met vrymoedigheid toegang het tot die heiligdom langs die nuwe en lewende weg wat Jesus vir ons geopen het deur Sy liggaam (v19-21). In verse 22-24 het hy ons opgeroep om op drie aspekte te fokus: (1) Laat ons dan ingaan met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid. Ons het daarvoor besin ons kan alreeds in hierdie lewe deur die voorhof tot in die Heilige van die ware tabernakel vorder. (2) Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely – en daardie hoop is om wel eventueel in die Allerheiligste, dus in die hemel, in te gaan. (3) Laat ons mekaar aanspoor tot liefde en goeie dade en nie van die samekomste van die gemeente wegbly nie.

Laasweek het ons na verse 25-31 gekyk, waar die skrywer 'n dringende waarskuwing rig aan die ware gelowiges dat hulle nie willens en wetens sal volhard in sonde nie. As hulle dit wel sou doen, is daar geen effektiewe offer beskikbaar vir hulle sondeskuld nie, en kan hulle alleen maar 'n verwagting hê van God se verskriklike oordeel. Die rede hoekom dit so ernstig is, is omdat hierdie persone bewustelik die Seun van God vertrap, die bloed van die verbond gering ag, en die Heilige Gees uitdaag.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 10:32-39. Vers 32 begin met die woord “Maar”. Duidelik is die skrywer steeds besig met dieselfde beredenering. Maar na sy dringende waarskuwing in verse 25-31, volg hy dit nou op met 'n oproep waardeur hy sy lesers wil bemoedig. Die inhoud van sy oproep in hierdie verse is aanvullend tot daardie drie “Laat ons” oproepe in verse 22-24 – die perspektief is ietwat anders, maar soos ons sal sien, is daar ook baie sterk raakpunte met die vroeëre oproepe.

Ek is oortuig vers 35 vorm die kern van die skrywer se argument in verse 32-39. Vers 35 sê: “Julle moet dus nie julle vrymoedigheid prysgee nie; dit hou 'n groot beloning in”. Die vers sê ons moet nie ons “vrymoedigheid” prysgee nie. Van watter “vrymoedigheid” praat hy? Tog sekerlik dieselfde “vrymoedigheid” waarvan hy gepraat het in vers 19 aan die begin van hierdie hele gedeelte: In vers 19 het hy gepraat van die vrymoedigheid waarmee ons langs die nuwe en lewende weg wat Jesus vir ons geopen het, in die heiligdom mag ingaan. Sy oproep in vers 35 is dat ons nie hierdie vrymoedigheid moet prysgee nie – deur te volhard in willens en wetens sonde nie. Terloops: Die 1983 NAV sê in vers 35 ons moet nie ons “geloofsvertroue” prysgee nie, terwyl dit in vers 19 verwys na “vrye” toegang. Dit is jammer dat die NAV twee verskillende woorde gebruik, terwyl dieselfde Griekse woord in beide verse 19 en 35 gebruik word. Die feit dat verskillende woorde in Afrikaans gebruik word, verbloem die feit dat vers 35 terugryp na vers 19. Beide die OAV en die 2020 DAV vertaal dit in albei verse met “vrymoedigheid”.

Vers 35 voeg verder by dat ons nie ons vrymoedigheid moet prysgee nie, want dit hou 'n groot beloning in. Wat is hierdie beloning? Wel, as die vrymoedigheid in vers 35 dieselfde is as die vrymoedigheid in vers 19, moet die beloning in vers 35 tog sekerlik die toegang wees tot die heiligdom langs die nuwe lewende weg in vers 19. Siende dat ons as gelowiges alreeds in hierdie lewe gevorder het tot in die Heilige van die ware tabernakel (dus: ons is reeds geregverdig in die voorhof, en is tans besig met heiligmaking in die Heilige), is die beloning wat nog wag om eventueel ook in die Allerheiligste van die ware tabernakel te mag ingaan, d.w.s. om met ons heerlikmaking in die hemel te mag ingaan. Dit was tog ook die hoop waaraan ons styf moet vashou, volgens vers 23 (die tweede “Laat ons”).

Soos ek gesê het, is vers 35 die kern van die oproep van die skrywer in verse 32-39. In verse 32-34 wil die skrywer sy lesers bemoedig om te volhard in hierdie oproep om nie hulle vrymoedigheid prys te gee nie, deurdat hulle moet terugkyk en kennis neem van wat al met hulle gebeur het in die verlede, en in verse 36-39 wil hy hulle bemoedig deur hulle vorentoe te laat kyk.

Bemoediging tot vrymoedigheid deur terug te kyk (Heb 10:32-34)

Vers 32 begin met: “Maar onthou”. Die lesers moet onthou. Wat is dit wat die lesers moet onthou? Lees vers 32. Hulle moet onthou hoe hulle in die verlede, nadat hulle verlig is, ’n geweldige stryd in lyding deurstaan het. Ek glo dit is duidelik dat as ons lees hulle is “verlig”, beteken dit dat hulle harte deur die Heilige Gees verlig is, en dat hulle tot bekering en ook tot geloof in Jesus Christus gekom het. Maar dit blyk nou dat toe hulle tot geloof gekom het, het dit gepaard gegaan met baie lyding – ons lees dit was ’n geweldige stryd van lyding.

Ons weet nie presies wat die lyding was nie, maar verse 33-34 gee vir ons ’n aanduiding:

- Hulle is beledig, dit moes waarskynlik inhou dat hulle verbaal verkleineer is (v33).
- Hulle is op ’n manier verdruk – kon sekerlik verskillende vorme aangeneem het: fisiese verdukking of lyding, emosionele verdrukking, ekonomiese verdrukking, politieke verdrukking – maar miskien juis godsdienstige verdrukking deur die Jode. Vers 33 voeg by hulle is in die openbaar bespotlik gemaak.
- Vers 34 sê daar was selfs persone wat a.g.v. die feit dat hulle gelowiges was, in die gevangenis gegooi is.
- Vers 34 sê daar is beslag gelê op hulle besittings.

Die vraag is nou: Is dit onverwags dat daar so ’n reaksie van die wêreld is as iemand tot geloof kom? Is dit tipies wat gelowiges kan verwag? Die antwoord is: Ja. Dit is tipies wat gelowiges kan verwag. In Mat 5:11-12 sê Jesus: “Gelukkig is julle wanneer die mense julle om My ontwil beledig en vervolg en vals beskuldig van alles wat sleg is. Wees bly en jubel, omdat julle beloning groot is in die hemele”. Sien jy? Gelowiges kan beledigings en verdukking verwag. Maar let ook op: In die verdukking kan ons jubel – want daar is ’n groot beloning in die hemel – presies die punt wat vers 35 ook maak. Lees Joh 15:18-20. Hier verduidelik Jesus hoekom ons lyding kan verwag. Die rede is dat gelowiges nie meer deel van die wêreld is nie, maar deur Jesus uit die wêreld uitverkies is. Omdat die wêreld Jesus haat, kan gelowiges nou verwag dat die wêreld hulle ook sal haat. En dit is wat die Hebreërgelowiges ervaar het.

’n Verdere vraag is: Ja, goed, gelowiges moet verwag om verdrukking te beleef. Maar is daar sin in? Hoekom laat God dit toe? Daar is heelwat skrifgedeeltes wat lig op hierdie saak werp:

- In Rom 5:3-5 lees ons dat ons, d.i. gelowiges, ons beroem in ons verdrukking. En die rede hiervoor is omdat die verdrukking volharding bewerkstellig, en die volharding bewerkstellig betroubaarheid, en die betroubaarheid bewerkstellig hoop. En daardie hoop beskaam nie. Watter hoop is dit? Dit is die beloning van vers 35 in Heb 10. Dit is die toegang tot die Allerheiligste van die ware tabernakel. Dit is die hoop op heerlikmaking en toegang tot God in die hemel. Die punt is: verdrukking help ons om te fokus op daardie hoop.
- In Jak 1:2-4 lees ons dat ons vol vreugde moet wees as allerhande toetse oor ons kom, want die toetse leer ons om te volhard, en deur die volharding groei ons totdat ons volmaak en sonder gebrek is.
- In 1 Pet 1:3-7 lees ons ook van ons hoop, oftewel ons erfenis – hier word dit beskryf as ’n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel vir ons bewaar word. Sien jy weer vers 35? Boonop word ons ook bewaar om hierdie erfenis in ontvangs te mag

neem. Op pad soontoe word ons egter vir 'n kort tydjie beproef, sodat ons geloof gelouter kan word totdat dit eg is.

Uit hierdie gedeeltes is dit duidelik dat God 'n konstruktiewe doel het met die verdrukings wat gelowiges beleef – sodoende word hulle voorberei vir daardie hoop waaraan hulle so styf vashou. Sodoende gaan hulle nie hulle vrymoedigheid prysgee om dit langs die nuwe lewende weg in ontvangs te neem nie. Trouens, dit is deur die verdrukings dat hulle verder vorder op die nuwe lewende weg en nog meer vrymoedigheid ontwikkel om in te mag – want hulle ly ook soos wat Jesus gely het.

Hoe het die Hebreërs gereageer tydens hulle swaar lyding? Vers 32 sê hulle het dit deurstaan. Jak 1 sê dit beteken hulle het gegroei in volharding – dit beteken hulle het nog verder ingegaan – dit was ook die oproep in die eerste “Laat ons”. Vers 33-34 sê hulle het hulle vereenselwig en medelye gehad met ander gelowiges wat verdruk is en wat selfs in die gevangenis was. Sekerlik het hulle hulle aangemoedig tot liefde en goeie daade – dit was juis die oproep in die derde “Laat ons”, waar ons aangespoor is om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie daade. Vers 34 sê hulle het dit met vreugde aanvaar as daar op hulle besittings beslag gelê is. Hulle kon dit doen, want hulle het geweet hulle het 'n beter en blywende besitting. Watter besitting is dit? Tog die hoop waaraan hulle so styf vashou – dit was juis die oproep in die derde “Laat ons”.

Verstaan jy hoekom die skrywer hulle aanmoedig om terug te kyk en te onthou van hulle vroeëre verdrukings? Want hulle het daardie verdrukings suksesvol weerstaan. En dit het gehelp dat hulle verder ingegaan het, dat hulle stywer vasgegryp het aan hulle hoop, en dat hulle mekaar aangespoor het om te volhard. En noudat hulle weer druk van die Jode ervaar om hulle Christelike geloof prys te gee en terug te keer na die Joodse geloof, is dit nuttig om te onthou wat vroeër gebeur het: Toe het God hulle harte verlig. Hy sal dit tog weer doen sodat hulle nog beter insig in Sy wil kan ontwikkel. Hy het hulle toe gehelp om die toets te kan deurstaan. Hy sal dit tog nou weer doen sodat hulle nog verder kan ingaan. God het hulle tog toe vreugde gegee oor die skat wat hulle in die hemel het wat oneindig meer waardevol is as aardse skatte. God sal dit tog weer doen. Medegelowiges het mekaar toe ondersteun en aangespoor – hulle kan tog weer verwag dat dit nou ook sal gebeur – trouens dit is juis wat die Hebreërskrywer besig is om te doen!

Jy sien: Ons as mense is geneig om so vinnig die verlede te vergeet. Ons is soos Israel. Toe hulle in die woestyn kom, het hulle vinnig vergeet van hulle wonderbaarlike verlossing deur die Rooi See. Toe hulle in Eks 17 kla oor die gebrek aan water, het hulle klaar vergeet hoe God in Eks 16, net die vorige hoofstuk, aan hulle wonderbaarlik manna uit die hemel gegee het. Die oproep van die Hebreërskrywer is dat ons moet leer uit die dinge wat God ons in die verlede laat beleef het – dan sal ons nie ons vrymoedigheid prysgee om die groot beloning aan die einde van die nuwe lewende weg in besit te neem nie.

Bemoediging tot vrymoedigheid deur vorentoe te kyk (Heb 10:36-39)

Lees vers 36. Die vers leer dat ons, die gelowiges, volharding nodig het sodat ons die belofte kan verkry. Van watter belofte word hier gepraat? Dit moet tog sekerlik weer die belofte wees waarvan vers 23 gepraat het. Daar het ons geleer dat ons styf aan ons hoop moet vashou, want Hy wat die belofte gemaak het is getrou. Die belofte waarin ons glo, is ook die inhoud van die hoop waaraan ons styf moet vashou. En die hoop waaraan ons vashou, is om in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan. Die punt van vers 36 is dus dat as ons in die Allerheiligste wil ingaan, moet ons volhard. Maar waarin moet ons volhard? Die vers gee self die antwoord. Ons moet daarin volhard om die wil van God te doen – dit is die pad na die einddoel van die belofte en die hoop. As ons

enduit volhard op hierdie pad deur God se wil te doen, kan ons die belofte, waarin ons hoop, ontvang. Verder, as ons volhard om God se wil te doen, beteken dit ook dat ons volhard in die geloof – Jakobus leer tog dat ons geloof sigbaar word in ons dae.

Dit laat die vraag ontstaan: Maar wat is God se wil? Kom ons lees Rom 12:1-2. Vers 1 leer dat ons ons liggame, d.w.s. ons lewens, moet wy as 'n offer aan God wat lewend, heilig en vir God aanneemlik is. En dan voeg Paulus by: Dít is julle sinvolle godsdiens. Die essensie van ons diens aan God is dat ons onself aan Hom moet wy, of soos Heb 10:36 sê ons moet God se wil doen. Rom 12:2 voeg by ons denke moet vernuwe word en dan sal ons kan onderskei wat God se goeie, aanneemlike en volmaakte wil is. In Rom 12:9 lees ons ons moet die kwaad verafsku, en vashou aan die goeie.

Kan ek probeer saamvat: Heb 10:36 sê ons moet volhard as ons die belofte van ons hoop wil ontvang. Waarin ons moet volhard is om God se wil te doen, want dit bevestig dat ons volhard in geloof in God. Wat is God se wil? Dat ons onself aan Hom sal wy as 'n lewende, heilige en God aanneemlike offer – dit is die essensie van ons godsdiens. Hoe wy ek myself aan God? Deurdat ek anders begin dink – sodat ek kan verstaan wat God se wil is, en deurdat ek anders begin leef deurdat ek voortdurend doen wat goed is, en verafsku wat sleg is – definitief nie volhard in willens en wetens sonde nie.

Nou kan jy sê: Ja, goed, dit klink eenvoudig – maar dis nie so maklik nie. Hoe gaan ek dit in die praktyk leer? Wel, onthou wat in die vroeër dae gebeur het – onthou die verdrukking van verse 32-34! Onthou wat ons in Rom 5:3-4 gesien het: verdrukking bewerkstellig volharding, volharding bewerkstellig betroubaarheid, en betroubaarheid bewerkstellig hoop – en dit is juis waarby ons wil uitkom. Dus: hoe leer ons om te volhard? Deur verdrukking! Daarom is dit so nuttig om vorige verdrukking te onthou wanneer jy wil volhard. Onthou Jak 1:2-3 – Beskou dit as 'n vreugde as julle getoets word, want as julle geloof die toets deurstaan, lei dit tot volharding. En volharding is nodig om by die belofte waarin ons hoop uit te kom.

Dit bring ons by verse 37. Lees vers 37. Vers 37 verwys na “Hy wat kom”. Dit is natuurlik 'n verwysing na Jesus wat weer gaan kom. Dit wys na Sy tweede koms. En ons weet dat Sy tweede koms hand aan hand gaan met die volle realisering van die belofte, met die volle realisering van ons hoop. Dit is wanneer gelowiges volledig in die Allerheiligste van die ware tabernakel sal ingaan. Die bemoediging aan gelowiges in vers 37 is dat Jesus werklik sál kom. Ja, gelowiges beleef verdrukking en dit kan van tyd tot tyd baie swaar wees – maar hulle moet nooit daaraan twyfel of die einde sal kom en of die belofte sal realiseer nie: Jesus sál kom. Boonop voeg vers 37 by: Sy koms is op hande – dit is nog net 'n baie kort rukkie! Dit moet ons as gelowiges bemoedig: Jesus kom verseker, en Hy kom gou. Immers het Jesus self in Op 22:12 gesê: “Kyk, Ek kom gou! En die beloning is by My, om elkeen volgens sy optrede te beloon.” Boonop is dit in lyn met wat Jesus vir die afgestorwe gelowiges gesê het met die oopmaak van die vyfde seël in Op 6:10-11 toe hulle gevra het hoe lank dit nog gaan wees voordat die oordeel gaan kom. Die antwoord aan hulle was ook om nog 'n kort rukkie te wag.

Maar kom ons wees eerlik: dit is nou 2000 jaar later, en steeds het Jesus nog nie weer gekom nie. Is dit 'n baie kort rukkie? Wel, in vergelyking met die ewigheid, is dit 'n baie kort rukkie. In vergelyking met al die dinge God alreeds verrig het in die ontwikkeling van Sy verlossingsplan, is ons op die drumpel van die voltooiing daarvan. Maar miskien is die mees praktiese manier waarop ons as gelowiges hieroor moet dink, die volgende: Hoe lank gaan ons nog verdrukking ervaar? Ons verdrukking gaan hoogstens voortduur tot ons sterfdag. Hoe ver is ons sterfdag? Ons weet nie – maar hoogstens 'n paar dekades van nou af, maar miskien net 'n paar dae van nou af. Die punt is: Skep moed – die tyd van verdrukking is bykans oor!

Lees vers 38. Vers 38 gryp terug na Habakuk. In Habakuk 1 het die profeet gevra hoe lank gaan dit nog gaan wees dat hy onreg moet verduur voor die Here gaan optree (Hab 1:2-3). Die onverwagse antwoord van die Here was dat Hy die Chaldeërs gaan stuur (Hab 1:6) wat verdrukking gaan bring. Ek hoop jy sien die ooreenkoms met wat ons juis sopas in Heb 10 geleer het. En dan sê die Here in Hab 2:4 – “Kyk, hy wat nie opreg is nie, kwyn weg – maar die regverdige – deur sy betroubaarheid sal hy lewe”. Rom 1:17 haal Hab 2:4 (uit die Septuagint) aan as: “Maar die regverdige sal uit die geloof lewe” (OAV). Gal 3:11 haal dit ook so aan. Die punt van vers 38 is ‘n bevestiging van wat ons in vers 36 geleer het: Dit is diegene wat in die geloof volhard tot die einde toe, wat sal leef. Dit is diegene wat volhard om God se wil te doen, wat die belofte van lewe in die Allerheiligste van die ware tabernakel sal verkry. Maar in diegene wat nie volhard in die geloof tot die einde toe nie, in diegene wat hulle onttrek, in diegene wat eerder volhard in willens en wetens sondes, in hulle het die Here geen behae nie, en hulle gaan dus ook nie die belofte ontvang nie – vir hulle is daar alleen maar die verskriklike verwagting van oordeel.

Lees vers 39. Die skrywer is oortuig dat sy lesers nie mense is wat hulle gaan onttrek van die geloof nie. Hy is oortuig hulle gaan volhard in die geloof tot die einde toe – en so gaan hulle hulle lewe behou, so gaan hulle ewig lewe in die Allerheiligste van die ware tabernakel. Hierdie vertrouwe van die skrywer oor sy lesers is in lyn met Heb 6:9 waar hy ook gesê het dat hy wat hulle betref van beter dinge oortuig is, dat hulle nie deel is van die mense wat voorgee Christene is wat eventueel sal wegraak nie.

Voordat ons na ‘n paar toepassings kyk, wil ek graag die ooreenkoms uitlig tussen wat ons hier van die Hebreërs leer en wat ons in Op 2:8-11 van die gemeente in Smirna leer. Lees Op 2:8-11. In Smirna was daar verdukking en armoede (v9). Onder die Hebreërs was daar ook verdukking, en daar is beslag gelê op hulle besittings. En tog was die gemeente in Smirna ryk (v9). En tog het die Hebreërs die beslaglegging met vreugde aanvaar, want hulle het geweet hulle het ‘n beter en blywende besitting. Die gemeente in Smirna is gelaster (v9). Die Hebreërs is ook beledig en openlik bespotlik gemaak. Smirna moes die verwagting hê dat sommige in die tronk gegooi gaan word (v10). Sommige van die Hebreërs is ook in die tronk gegooi. Jesus het aan die gemeente in Smirna gesê hulle kan verwag om vir 10 dae lank verdruk te word (v10). Die Hebreërskrywer herinner sy lesers dat dit ‘n baie kort rukkie sal wees tot Jesus kom en hulle verdukking beëindig. Jesus roep Smirna op om getrou te wees tot die dood toe (v10). Die Hebreërskrywer roep die Hebreërs op dat hulle inderdaad moet volhard. Jesus beloof aan Smirna dat Hy aan hulle die oorwinnaarskrans van die lewe sal gee. Die Hebreërskrywer herinner sy lesers dat hulle nie hulle vrymoedigheid moet prysgee nie, want dit hou groot beloning in, die vervulling van die belofte, die vervulling van hulle hoop, die toegang tot die Allerheiligste van die ware tabernakel.

Toepassings

Ek wil graag enkele toepassings maak uit wat ons geleer het:

- Beleef jy verdrukking? Ek glo ons almal sal bely dat ons verdrukking, of swaarkry, ervaar. In Suid Afrika is ons blootgestel aan beurtkrag wat ernstige implikasies het vir baie mense – veral die wat ‘n besigheid moet bedryf. Ons is blootgestel aan ‘n hoë voorkoms van geweldsmisdade. Die ekonomie knyp. Sommiges is blootgestel aan een of ander vorm van siekte. Of dalk is daar spanning in jou huwelik of gesin of familie. Hierdie situasies van swaarkry is ‘n realiteit. Maar hoe hanteer jy dit? Frustreer dit jou? Maak dit jou opstandig? Of kan jy saam met Jakobus sê jy ag dit louter vreugde? En dan nie ‘n ligsinnige vreugde nie – maar ‘n diepgaande vreugde omdat jy weet en beleef dit is ‘n geleentheid om te groei in

volharding, in betroubaarheid en in hoop – hoop op daardie einddoel waaraan ons vashou: toegang tot die Allerheiligste van die ware tabernakel.

- Maar kom ons wees meer spesifiek: Beleef jy belediging en vervolging en vals beskuldigings bloot omdat jy 'n gelowige is, soos waarvan Jesus in Mat 5:11 praat? Ja, dit is so: In Suid Afrika is daar godsdienstvryheid – elke mens mag die godsdienst beoefen waarvan hy oortuig is. Ons beleef nie fisiese vervolging bloot omdat ons Christene is soos wat in sommige ander lande die geval is nie. Maar Suid Afrika is vol goddeloosheid. Beleef jy dat mense jou Christelike geloof verkleineer, dit selfs bespotlik maak? Is jy as individuele gelowige al ooit uitgelag omdat jy glo? Het jy al beleef dat jy uitgesluit word omdat jy glo? Is jy al sekere dinge ontsê omdat jy glo? Indien nie, hoekom nie? Weet die ander mense dalk nie jy is 'n Christen nie? Getuig jy dalk nooit oor die hoop wat in jou lewe nie? Is jy dalk nie so opgewonde oor hierdie hoop as wat jy behoort te wees nie? Is jy dalk nie werklik sout vir die aarde en lig vir die wêreld nie? Konfronteer jy dalk nooit iemand anders nie? Die gebrek aan enige vorm van lyding bloot omdat jy 'n Christengelowige is, het ten minste die gevolg dat jy 'n geleentheid mis om te groei in volharding, om te groei in geloof, om nog stywer vas te hou aan die hoop dat God se belofte vervul sal word.
- In vers 32 roep die skrywer sy lesers op: “Onthou die vroeër dae toe julle...”. Is dit iets wat jy ooit doen? Om spesifiek te gaan sit en onthou, om te onthou wat al in jou lewe gebeur het, om te besin oor hoe jou lewenspad tot hiertoe geloop het. Ja, natuurlik moet ons baie tyd spandeer om God se Woord te bestudeer en daaruit te leer. Maar, onthou, dit is die Here wat in beheer is van jou lewe. Die dinge wat in jou lewe gebeur, het Hy laat gebeur. Besin jy ooit oor wat God daardeur wil bewerk? Vergelyk jy ooit wat God in Sy Woord leer, met dit wat in die praktyk in jou lewe gebeur? Kan jy God se hand daarin raaksien? Dit kan geweldig bemoedigend wees om terug te kyk en raak te sien dat wat ons in die Woord leer, besig is om in my lewe te gebeur.
- Volhard jy in die geloof? Volhard jy daarin om te doen wat God wil? En soos wat jy volhard, groei jy? Of het jy gestagneer? Is jy in jou verhouding met God maar net op dieselfde punt as waar jy 10 jaar terug was? Of het jy dalk selfs teruggesak? Is daar dalk steeds sondes waarmee jy willens en wetens volhou? Gelowige wees is nie maar net sit en wag dat die lewe verbygaan, sodat as jy doodgaan jy hemel toe kan gaan nie. As dit jou benadering is, is jy besig om jou vrymoedigheid om langs die nuwe lewende weg in te gaan, prys te gee.
- Sien jy uit na die wederkoms? Sien jy selfs, in 'n sekere sin, uit na jou sterfdag? Is jy opgewonde oor dit wat wag na jou sterwe? Weet jy wat jy dan kan verwag? Span jy jou in om so gereed moontlik te wees vir daardie dag? Leef jy in die verwagting van die ewigheid? Duidelik is dit wat die Hebreërskrywer wil onderstreep. Hy praat oor die toegang tot die heiligdom, hy praat oor die feit dat ons met vrymoedigheid mag ingaan, hy praat oor die hoop waaraan ons styf vashou, hy praat oor die belofte van God, wat getrou is, hy praat oor die noodsaak aan volharding om daar in te gaan, hy praat van die groot beloning wat wag, hy praat oor verdukkings en vervolging wat ons voorberei vir daardie beloning. Duidelik is die skrywer opgewonde oor dit wat kom. Duidelik wil die skrywer hê ons moet opgewonde wees oor wat kom. Ongelukkig moet ek saamstem met Edgar Andrews as hy sê dit is nie wat hy sien by baie mense wat sê dat hulle gelowiges is nie, en ook nie wat hy sien as hy na baie gemeentes kyk nie. Hy sê baie sogenaamde gelowiges wil tog net nie “te hemels” wees nie, hulle wil eerder nog bietjie aards wees, nie te anders wees as die wêreld nie, nie te vreemd wees in hierdie lewe nie. Hy sê baie gemeentes fokus eerder daarop om hierdie lewe 'n beter plek te maak, as om te fokus om voor te berei op die lewe wat kom. Hulle fokus eerder op sosiale vraagstukke of politieke vraagstukke – ons het dit tog ook al in Suid Afrika ervaar. Natuurlik moet die kerk ook kerk wees in hierdie wêreld. Maar die fokus bly altyd primêr op

daardie einddoel aan die einde van die nuwe lewende weg waarvoor die Seun van God gekom het. Andrews sê baie gemeentes fokus op die “three E’s” – “experience, excitement and entertainment”. Die fokus is dikwels op ervarings – hier en nou, op opgewondenheid – hier en nou, op vermaak – hier en nou. Natuurlik is daar nou alreeds ervarings, opgewondenheid, en selfs vermaak vir gelowiges. Maar wat ons ervaar, waarom ons opgewonde is, wat ons ons in verlustig is dat ons besig is om voor te berei vir daardie groot beloning, daardie hoop, daardie belofte van God aan die einde van die nuwe lewende weg. Mag dit ook wees waarom jy en jou gemeente opgewonde is, en waarvoor julle volhard in die geloof – tot die einde toe.